20 November 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

KERSSANGDIENSTE:

GETUIENIS VAN DIE KERSBOOM

@ Hoogland, 20 November

09:00 – Summerwood Jnr. Koor

18:30 – Curro Jnr. Koor

Onthou om te onthou…

'n Jaar gelede was ons nog verplig om maskers te dra wanneer ons by winkels ingestap het, en kinders skool toe was. Dit voel so ver terug dat ons amper kan sê: *onthou jy nog…?*

Kersfees is onthou-tyd. Kersfees is onthou om te onthou. Dit is herinnering in elke kersboom se versierings, lig wat oral skyn, saamwees, geskenke, kos, vakansie en noem maar op, dat God Sy liefde vir ons kom wys het in Jesus Christus wat aarde toe kom.

Mag ons dus hierdie feestyd onthou om te onthou… en mag ons kersbome en –versierings ons help onthou.

Vergeet om te vergeet…

Program vir die dag

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November 2022

09:00 & 18:30

Dieselfde program sal by beide dienste gevolg word.

Deurkollekte: CMR

Program vir die week

Hoogland se gemeenteprogram is nou afgehandel vir die jaar! Baie dankie vir elke Hooglander se deel wees en hier wees.

Hou asseblief die 2023 Jaarprogram en Hoogland se sosiale media dop vir wanneer alles weer hervat

Hoogland neem afskeid van ...

Christine Bergh en Johanna de Beer wat die afgelope week oorlede is .

Ons bid in besonder vir hulle kinders en familie vir vertroosting in hierdie hartseertyd.

Matrieks –

Julle is halfpad!

Sterkte met hierdie week se vraestelle!

Aan al die ander jongmense en studente:

Byt vas! 'n Welver-diende vakansie wink.

Die kerkkantoor is besig met die finalisering van die 2023 Jaarprogram. Dit sal binnekort beskikbaar wees.

Uit die Kerkraad

Beroep van medeleraar:

Sunell Ribbens is op 7 November as medeleraar in 'n voltydse pos beroep na Hoogland. Die beroep is nou vir twee Sondae afgekondig, waarna sy twee weke het om te antwoord op die beroep. Mag ons Here Jesus Christus Sy wil aan haar duidelik bekend maak.

Verkiesing kerkraadslede

Die volgende lidmate is tydens die Kerkraadsvergadering van 7 November tot die kerkraad her– of verkies:

Ouderlinge herkies: Wynand Breytenbach, André Venter en Petro Meiring

Ouderlinge verkies: Paul Stoltz, Ivan Ellis, Danie Venter en Jacques van Niekerk

Voorsitter: Ds Pieter Nel

Ondervoorsitter: Ferdi Röhm

Ons vra ook u voorbidding vir hulle.

Geloof deur liefde tot dade : Seisoene van Gee

Leef jou geloof deur liefde tot dade deur een van die volgende omgee projekte:

- *Geskenkies vir Senior Lidmate* - Geskenkies ter waarde van R40-R50 word bymekaar gemaak vir ongeveer 60 van Hoogland se Senior Lidmate - (toiletware/pakkie koekies/lekkers/droeë vrugte/mooi koffiebeker)
- *Eluthandweni kospakkies* - Hoogland maak jaarliks vir Eluthandweni kospakkies bymekaar. Enige nie-bederfbare blikkies kos/toiletware (tandeborsel, tandepasta, seep, waslappie, ens.)/koekies/koeldrank/ens. is baie welkom.

Geskenkies kan by Gemeentedienste, in die gemerkte houers, gelaat word Sondae, of by die kerkkantoor afgegee word gedurende die week! Alle geskenkies moet *teen 1 Desember* afgegee word sodat dit betyds afgelewer kan word voor die kantoor vir die Feestyd sluit.

Hoogland sê uit haar Hart uit spesiaal dankie vir 'n onvergeetlike Kersbelewenis tydens die 2022 Kerssangdienste! Aan elke Hooglander wat bygedra het tot hierdie belewenis uit my hart uit baie dankie ....

Ds Pieter

Ds Pieter Nel - Voorleser
Hanlie Young - Musiekleier
Leandra Bonthuys - Eredienskoördineerder
Liska Mey - Viool
Tiaan Uys - Kontrabas / klarinet
Anél Young - Franse Horing
Dylan Osche - Trompet
Reece Rivalland - Trompet
Anél van Deemter - Fluit
Lillian Zeelie - Fluit
MJ Bonthuys - Fluit
Sim Deli - Keteldromme
Kore - Laerskool Summerwood Jnr Koor
Laerskool Curro Jnr Koor
Richard Moore & Reinette Strydom - Voorsangers
Michael Mey - Klank
Danielle Jansen - Data
Darrin Jansen - Kamera
Susan Viljoen - Uitstalling in die Voorportaal
Personeel - vir al die hulp met die voorbereiding van die kerkgebou!